

Eie voerkraal, aanpassing verhoog wins met 15%

Deur hul speenkalwers nie te verkoop nie, maar ná speen self op die veld te laat aanpas en in hul plaasvoerkraal uit te groei, verhoog hierdie Oos-Vrystaatse Bonsmaraboerdery sy wins in goeie jare met ruim 15%. Mnr. Nelius Ferreira vertel hoe hulle dit regkry.

Dit was 'n nuwe Groot Trek die dag toe mnr. Kiewiet Ferreira sy hele beesboerdery van Thabazimbi af na Harrismith verskuif het, maar beslis 'n verskuiwing waaroor dié familieboerdery vandag nie spyt is nie. Die klimaat by Harrismith in die Oos-Vrystaat is net soveel anders – en beter danksy hoër reënval – as by hul vorige plaas in Limpopo, sowat 500 km van waar hulle vandag boer.

Kiewiet het die boerdery in 1982 by Thabazimbi begin. Hy het van meet af aan met Bonsmaras geboer. In 1984 het hy die plaas Grootdraai by Harrismith gekoop en die kudde daarheen verskuif.

Vandag is Kiewiet en Annie se drie seuns, Theo, Nelius en Johan, ook by die omvangryke, gemengde boerdery betrokke. Nelius

bestuur die Bonsmarastoetery, kommersiële Bonsmarakudde, voerkraal en appelproduksie. Theo en Johan is in beheer van die saaiery. Theo bestuur ook die aartappelboerdery. Kiewiet hou oorkoepelend 'n oë oor alles. Annie is die “generaal” in die kantoor wat seker maak die administrasie verloop seepglad.

Die hoofplaas is Grootdraai, maar hulle boer ook op vyf ander eenhede in die distrikte Harrismith en Vrede, wat huurgrond insluit. Die verste plase is 86 km van mekaar.

Die boerdery se hoofafdeling wat omset betref, is kontantgewasse, bestaande uit mielies, suikerbone, koring, sojabone, aartappels en appels.

'MIK EERDER NA VOLHOUBAARHEID'

Die Bonsmarastoetery bestaan reeds sedert 1982 en is met 'n opteelprogram met Afrikaners en Simmentalers as grondslag begin.

Van die staanspoor af het hulle rasegte Bonsmarabulle by die koeie begin gebruik en ook kunsmatige inseminasie (KI) toegepas.

Die hoofdoel van die stoetery is bulverkoop. Die kommersiële Bonsmarakudde word vir speenkalfproduksie en die verkoop van goeie, kommersiële aanteeldiere aangewend.

Om waarde tot die veeboerdery toe te voeg, dek hulle die waardeketting vanaf die koeie met haar kalf tot kort duskant die abattoir. Dit sluit hul eie voerkraal op die plaas in.

“Ons eie aanpassing (*backgrounding*) en voerkraal stel die boerdery in staat om die wins in goeie jare en op die basis van 'n vyfjaargemiddelde met 15% te verhoog. Dit is nie altyd moontlik nie omdat die jare so baie wissel,” sê Nelius.

Hy is nie baie gretig om syfers te noem nie. “Daar sit méér agter beesboerdery as

